Donderdag **4 April**

**Skrifgedeelte: Eksodus 15:1-19**

**Fokusgedeelte: Eksodus 15:3 (AFR2020)**

**Loof die Here as ’n krygsman wat red!**

Lofprysing en aanbidding is ’n wesenskenmerk van elke gelowige. Dit is ons reaksie op wie die Here is en wat Hy doen. Daarom begin ons Skrifgedeelte met “Toe” (15:1) wat verwys na die HERE se verlossing van Israel by die Rietsee. Lofprysing en aanbidding begin dus nie by ons nie, maar begin en eindig by die HERE.

Israel se redding en oorwinning by die Rietsee het alles te make met die waar word van die HERE se verbondsbeloftes aan hulle. Die vernietiging van die farao se leër was ’n absolute bonatuurlike ingryping van die HERE. Daarom kon Moses en die Israeliete nie tot ’n ander konklusie kom nie, as: “Die HERE is ’n krygsman” (15:3). Dit dui op sy mag en heerskappy waardeur die HERE sy verbondsbeloftes onderhou. As krygsman het die Here Jesus vir die Israeliete geveg by die Rietsee, want in Eksodus 14:19, 20 word daar verwys na “Die Engel van God” – baie keer ’n verwysing na Jesus in die Ou Testament (vgl. 1 Kor. 10:1-4). So het Jesus ook vir ons geveg aan die kruis en al ons sondes op Hom geneem. Hy het ook as krygsman die geveg vir ons gewen toe Hy uitgeroep het: “Dit is volbring!” (Joh. 19:30).

Soos die tog deur die Rietsee die finale en beslissende verlossing van Israel was uit die slawehuis van Egipte, so is Jesus se kruis vir ons die finale en beslissende verlossing uit die slawehuis van die sonde.

God het die Israeliete by die Rietsee geplaas waar Hy hulle enigste hoop was. As Hy hulle nie red nie, is daar geen uitkoms nie. So bring God ons baie keer tot die einde van ons reserwes sodat ons sy reserwes kan leer ken. In elke situasie wat ons as kinders van God beleef, is Jesus ’n krygsman wat vir ons veg.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*